higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 2

(3011022)

15 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

308Q1N2215

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 ½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Kom voor wanneer ‘n land meer uitvoer as wat dit invoer	A	makro-omgewing
1.1.2	Bestaan uit faktore wat die onderneming nie kan beheer nie	B	lopende rekening
1.1.3	Word deur mense en ondernemings gebruik om banktransaksies te doen	C	uitvoersubsidies
1.1.4	Dit teken ‘n land se betrokkenheid by internasionale handel op	D	infrastruktuur
1.1.5	Die toestand waar aanbod en vraag in balans met mekaar is en pryse gevolglik meer stabiel raak	E	inflasie
1.1.6	Regeringsbeleid wat die uitvoer van goedere en dienste aanmoedig, en die verkoop van goedere in binnelandse ontmoedig deur verligtingsmaatreëls vir uitvoere aan te bied	F	internasionale handel
1.1.7	‘n Algemene styging in die prys van goedere en dienste	G	handelsbanke
1.1.8	Die uitruiling van goedere en dienste oor internasionale grense	H	fisiese omgewing
1.1.9	Die basiese strukture wat ‘n samelewing vir die verbruik en produksie van goedere en dienste benodig	I	handelsoorskot
1.1.10	Bestaan indien mense goedere of dienste benodig of begeer, en daarvoor kan betaal	J	ewewigsposisie
		K	mikro-ekonomie
		L	lener

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 … ondernemings is ondernemings wat geregistreer is en dus belasting betaal.

1.2.2 Werkloosheid wat deur strukturele veranderings in die ekonomie veroorsaak word, word … genoem.

1.2.3 … verteenwoordig die gewoontes, oortuigings en lewenstyle van ‘n groep mense.

1.2.4 Die proses om insette te kombineer en dit in goedere en dienste om te skakel, word … genoem.

1.2.5 Die … rentekoers is die rentekoers wat ‘n bank op sy beste kliënte hef.

1.2.6 ‘n … koers is die prys waarteen een geldeenheid vir ‘n ander geldeenheid geruil kan word.

1.2.7 … is ‘n pogings ‘n binnelandse produsente teen buitelandse mededinging te beskerm.

1.2.8 Die prys van … word deur produksie en die wisselkoers beïnvloed.

1.2.9 Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid skep ‘n … beeld vir ‘n onderneming en help die gemeenskap.

1.2.10 In die … stelsel beheer die markkragte van vraag en aanbod prys en inkomste.

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Menslike behoeftes en begeertes is onbeperk, maar die hulpbronne wat beskikbaar is om hulle te bevredig, is skaars.

1.3.2 Die R350.00 maatskaplike toelae word aan regeringswerknemers wat minder as R3 500.00 verdien, gegee.

1.3.3 Die buitery en vernietiging van eiendom wat in Gauteng en KwaZulu-Natal voorgekom het, is deur armoede en werkloosheid veroorsaak.

1.3.4 ‘n Onderneming se ekonomiese aktiwiteite vermeerder gedurende die inkrimpingsfase.

1.3.5 Globalisering beteken dat ‘n onderneming in ‘n internasionale mark sake doen.

Copyright reserved

1.3.6 ‘n Daling in die belastingkoers sal tot meer besteebare inkomste lei.

1.3.7 Absolute voordeel is wanneer ‘n land beter vaar met die produksie van bepaalde goedere en dienste as ander lande.

1.3.8 Inflasie vermeerder die koopkrag van die geld in ons sakke.

1.3.9 Die Suid-Afrikaanse geldeenheid word in al die buurlande gebruik.

1.3.10 Die aanbod van goedere en dienste het gedurende die Coronavirus-pandemie afgeneem.

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae.

DIE OPSTAND IN SUID-AFRIKA

Baie jare reeds het baie mense voorspel dat Suid-Afrika, die mees ekonomies ongelyke land ter wêreld, deur massa-onluste getref sal word – ons ‘Tunisië-dag’. Die meeste mense in Suid-Afrika leef in armoede, terwyl die land se werkloosheidsyfer meer as 30 persent is. Basiese dienslewering het in dele van die land heeltemal in duie gestort, en die regering is ondoeltreffend en korrup.

[Bron: *www.aljazeera.com*]

2.1 Definieer die term *armoede*. (2)

2.2 Verduidelik VYF gevolge van armoede in Suid-Afrika. (5 × 2) (10)

2.3 Die meeste Suid-Afrikaanse jongmense kom te staan voor die uitdaging van werkloosheid.

Noem enige VIER tipes werkloosheid. (4)

2.4 Verduidelik VIER voordele van globalisering. (4)

2.5 Noem enige TWEE voorbeelde van aanvullende goedere. (2)

2.6 Tabuleer die verskille tussen *kapitalisme* en *kommunisme.*

(4 × 2) (8)
[30]

VRAAG 3

Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae.

Suid-Afrika se ekonomie vermy resessie net-net

Suid-Afrika se ekonomie het in die derde kwartaal van 2015 met 0,7% gegroei, volgens die voorlopige ramings van reële bruto binnelandse produk (BBP) wat deur StatsSA vrygestel is.

Nadat die ekonomie ‘n 1,3%-inkrimping in die tweede kwartaal ervaar het, het die marginale BBP-groei in die derde kwartaal ‘n tegniese resessie net-net afgeweer. ‘n Resessie kom voor wanneer ‘n land ‘n daling in BBP in twee opeenvolgende kwartale ervaar.

[Bron: *www.statssa.gov.za*]

3.1 Waarvoor staan BBP? (1)

3.2 Teken ‘n sakesiklus en benoem dit. (8)
Ale sketse moet netjies en duidelik benoem wees.

3.3 Verduidelik VIER verskille tussen die *uitbreidingsfase* en *inkrimpingsfase* van die sakesiklus in tabelvorm. (4 × 2) (8)

3.4 Verduidelik die term *fiskale beleid*. (2)

3.5 Wat is die VIER doelwitte van fiskale beleid? (4)

3.6 Verduidelik die uitwerkings van ‘n styging in die repokoers. (4)

3.7 Noem DRIE wette wat sakeondernemings moet nakom met betrekking tot die hantering van hul werknemers. (3)

[30]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik enige VYF kenmerke van behoeftes. (5)

4.2 Noem enige DRIE elemente wat deel van ‘n onderneming se infrastruktuur vorm. (3 × 2) (6)

4.3 Verduidelik TWEE voordele verbonde aan die uitvoer van goedere en dienste na ander lande. (2)

4.4 Noem DRIE subrekeninge van betalingsbalanse. (3)

4.5 Suid-Afrika is een van die lande met ‘n hoë MIV/VIGS-syfer.

4.5.1 Verduidelik die uitwerkings van MIV/VIGS op die ekonomie. (4 × 2) (8)

4.5.2 Verduidelik hoe die regering die verspreiding van MIV/VIGS kan bekamp. (2)

4.6 Verduidelik VIER faktore wat die aanbod van goedere en dienste beïnvloed. (4)

[30]

VRAAG 5

5.1	Verduidelik VIER negatiewe gevolge van ‘n afname in ekonomiese groei.		(4)
5.2	Verduidelik VIER funksies van geld.		(4)
5.3	Verduidelik die voordele van internasionale handel.	(2 × 2)	(4)
5.4	Verduidelik die uitwerking van natuurrampe op die ekonomie.	(3 × 2)	(6)
5.5	Bespreek kortliks die negatiewe uitwerking van tegnologie op die ekonomie.		(4)
5.6	Noem VIER produksiefaktore.		(4)
5.7	Noem die probleme wat Suid-Afrika moontlik tydens die uitvoer van goedere na ander lande kan ervaar.		(4)
			[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Copyright reserved